Nommer 41 Desember 2010

In hierdie uitgawe

Vergelyk die verlos-
singsleer tussen Ou en
Nuwe Testament

Toe reiniging deur die
bloed nog nie geken is
nie

Bybelstudie op jou
rekenaar

Vergelyk die verlossingsleer tussen Ou – en Nuwe Testament

Uit Genade en deur Geloof

Deur David Malan

Hierdie is 'n vraag wat dikwels gevra word. Hoe is mense in die Ou Testament gered? Waarom is dit belangrik om die vraag te kan beantwoord? Ons leef tog nou nie meer in die Ou Testament nie. Ja, dit is waar, maar ons het die hele Bybel, Ou en Nuwe Testament wat gegee is tot ons lering. Ons moet die Ou Testament dus ook kan verstaan en interpreteer.

Wat meer is, die verlossingsleer is tog een van die heel belangrikste onderwerpe in die Bybel. As ons hierdie leer reg wil verstaan, moet ons nie net die Nuwe Testament verstaan nie, maar beslis ook die Ou Testament.

Wat is geloof?

Is dit 'n krag wat berge kan versit? Nee, geloof kan nie eers 'n klip verskuif nie. Om iets te glo, maak dit nie waar nie en om te weier om te glo, maak dit ook nie vals nie. As jy 'n gebedsversoek tot die Here rig, dan is dit nie "jou geloof" wat gaan bepaal of die versoek toegestaan gaan word nie. Ons bid in die geloof, maar nie geloof dat iets gaan gebeur nie, geloof dat God en sy Seun Jesus Christus waar is en leef. Dit is al.

Geloof is 'n normale deel van ons lewens, nie net ons "geloofslewe" nie. Swak geloof in 'n dik yslaag het steeds die gevolg dat jy veilig daaroor loop terwyl sterk geloof in 'n swak yslaag fataal is. Wat maak die verskil? Die krag van die geloof of die dikte van die yslaag? Ons toets elke dag die betroubaarheid van die objekte van ons geloof. Dit is rasioneel en raadsaam om dit te doen. Die Bereane van Paulus se dag het ook die betroubaarheid van Paulus se aansprake in die Skrif gaan ondersoek (Hand. 17:10,11).

Wat beteken dit dat ons die Here met die hele hart en die hele **verstand** moet liefhê? Wys dit op 'n soort blinde geloof? Nee, dit staan nêrens dat ons ons oë moet toeknyp as ons glo nie. Jy glo met jou verstand. Jy neem al die feite in aanmerking en besluit dan of die Bybel se aanspraak waar is of nie.

Paulus dank die Here dat hy deelgenote gehad het, mense wat

met hom saamgewerk en gebid het vir sy "verdediging en bevestiging" van die evangelie (Fil. 1:7). Nou hoe klink hierdie twee woorde, **verdediging en bevestiging** vir julle? Klink dit na 'n blinde geloof wat hy by die mense wou tuisbring? "Luister maar net wat ek sê en glo wat ek sê en moenie enige vrae vra nie." Nee, dit is nie hoe dit vir my klink nie. Om die evangelie te verdedig en te bevestig, klink vir my na 'n appèl op die mens se verstand. Die Christelike geloof is inderdaad 'n rasionele en intellektueel verstaanbare en betroubare geloofswaarheid.

Die waarheid van God kan duidelik uit die natuur en die skepping waargeneem word. Daar is geen kwessie daaroor nie (Rom. 1:19). Die vraag is nie of God vir mense verstaanbaar is nie, die vraag is of hulle wil hê dat God vir hulle verstaanbaar moet wees. Jesus het vir die Fariseërs gesê: "As iemand gewillig is om die wil van God te doen, sal hy weet of hierdie leer van God af kom en of Ek uit my eie praat." (Joh. 7:17). Al die intellektuele probleme en vrae wat mense oor God en die geloof het, is meestal net 'n bewuste of onbewuste tegniek van misleiding. Die mense mislei hulleself. Hulle probleem is nie 'n onvermoë om die waarheid te ken en te glo nie; hulle probleem is veel eerder hulle onwilligheid om God te erken en te gehoorsaam. Dit is nie 'n intellektuele probleem nie, dit is 'n morele probleem. "Hulle wil nie."

Mense sê so maklik: "Maar as die Christelike geloof dan rasioneel is en op feite gebaseer is, hoekom glo die meeste geleerde mense dit dan nie?" Ons het die antwoord reeds gegee. Hulle glo nie om dieselfde redes as wat die ongeleerdes nie glo nie. Hulle wil nie.

Paul Little wat op baie kampusse in die wêreld die beginsels van geloof aan studente oorgedra het, vertel dat 'n student eenkeer teenoor hom erken het dat hy 'n bevredigende antwoord op al sy vrae gegee het. Paul vra toe vir die student of dit beteken dat hy nou 'n Christen gaan word. "Nee," het hy geantwoord. Verbaas vra Paul hom toe: "Hoekom nie?" Hierop het die student erken: "Ek kan nie, want dit sal my manier van lewe omvergooi." Paul het dus die intellektuele srtuikelblok wat hierdie student altyd voorgehou het waarom hy nie kan glo nie, vir hom uit die weg geruim. Dit is dieselfde struikelblok wat Sakkie Spangenberg en al die nuwe hervormers vandag ook voorhou waarom hulle nie meer kan glo dat die Bybel God se Woord is nie. Maar uiteindelik sal hulle ook moet erken dat hulle probleem nie intellektueel is nie, maar moreel.

Jy het miskien ook in ‘n Christelike huis grootgeword soos die meeste van ons en in Jesus geglo omdat jou ouers en jou gemeenskap jou daartoe gelei het. Niks is daarmee verkeerd nie, maar een of ander tyd sal jy die saak vir jouself moet uitmaak. Is die Bybel waar? Is die leer in jou geloofsgemeenskap in ooreenstemming met dit wat die Bybel sê? Of wil jy sommer maar net aanhou glo soos jy grootgeword het sonder om enige vrae te vra? Sal jy dan ooit kan uitkom by dit waarvan Paulus praat—die verdediging en bevestiging van die evangelie?

Hoe weet jy jy is nie mislei nie?

Daar is ‘n paar goed wat vir ons as Christene vaste bakens is wat op die waarheid dui.

1. Die heel eerste is die objektiewe feite en bewyse dat Jesus waarlik uit die dood opgestaan het. (Dit is voorheen in *Die Wapenrusting* behandel.) Niks is vir ‘n Christen belangriker as dit nie en dit is ook die rede waarom die vyand vandag baie hard aan die werk is om Christene se geloof in die opstanding te ondergrawe.

Paul Little sê: ”As Christus opgestaan het, weet ons dat God bestaan, hoe Hy is en dat Hy vir elkeen van ons omgee. Dan kry die heelal betekenis en ‘n doel en kan ons die lewende God in hierdie lewe beleef. Maar as Christus nie opgestaan het nie, is die Christelike geloof net ‘n interessante museumstuk of ‘n menslike filosofie.”

As jy oor die opstanding nadink, is daar geweldig baie feite om in gedagte te hou. Dink bv. hieraan:

- Daar is nooit ‘n wet uitgevaardig dat Christene op Sondag kerk moet hou nie en daar is nou nog nie so ‘n wet nie. Christene het maar net, oortuig van Jesus se opstanding, die monumentale gebeurtenis so begin gedenk. Sou dit gebeur het as Jesus nie werklik opgestaan het nie?
- Dink na oor die oorweldigende getuienis vir die opstanding soos vervat in die Christelike boek, die Nuwe Testament.
- Dink na oor die evangelie van jou verlossing. Het ‘n mens dit uitgedink? Bevat dit tipies menslike terme of is dit hemels van oorsprong? Sou dit ooit bestaan het as Jesus nie fisies uit die dood uit opgestaan het nie?
- Vandag se teoloë glo nie dat Jesus opgestaan het nie. Die eerste vyandige verklaring vir die opstanding was dat die dissipels Jesus se liggaam gesteel het. Glo die teoloë ook dat

die dissipels Jesus se liggaam gesteel het? Is daar enige moontlikheid dat die dissipels saam met hulle kragtige geloofsgetuienis ook so 'n grootskaalse sameswering van bedrog kon orkestreer?

2. Die interne getuienis dat die Bybel waar is: Die vervulling van profesie (uniek in die Christendom) en die eenheid in die geloofswaarheid van die Bybel van Genesis tot Openbaring. En wat van God se ou volk Israel wat na 2000 jaar van verstrooiing nog nie hulle kultuur, taal en volksbestaan verloor het nie en nou weer na Israel terugkeer? Is dit logies? Is dit toevallig? Of is dit 'n wonderwerk en die vervulling van 'n oeroue Goddelike belofte wat voor ons oë afspeel? Maar weereens, al hierdie goed sal mense ook nie glo as hulle 'n morele blokkasie het nie.

3. Die getuienis van die Heilige Gees in my lewe. 'n Gewederbaarde lewe en die opregte strewe om God in alles te behaag.

4. Die Christelike geloof kan verifieer word uit die geskiedenis.

Frank Morison, 'n prokureur wat wou bewys dat die opstanding van Jesus nooit plaasgevind het nie, is deur sy studie gedwing tot 'n gans ander oortuiging: *"Ek het die oorsprong van die literatuur nagevors en die getuienis gesif om my eie eerstehandse opinie oor die probleem te vorm. Ek kan maar net sê dat dit 'n revolusie in my gedagtes tot gevolg gehad het. Dinge het uit die bekende "ou-wêreld" storie na vore gekom wat ek eers as onmoontlik geag het. Stadig maar baie beslis het die oortuiging gegroei dat die drama van daardie onvergeetlike weke van die menslike geskiedenis heel anders en baie dieper was as wat dit eers gelyk het. Dit was die andersheid van baie uitstaande gebeurtenisse wat my aandag vasgevang het. Later het die onweerstaanbare logika en betekenis van dit alles tot my deurgedring."*

Soos ons by punt 2 en 3 hierbo aangetoon het, is die eenheid van die Bybelse boodskap van Genesis tot Openbaring vir ons 'n kragtige aanduiding van die waarheid van die Christelike geloof. Daardeur sê ek natuurlik nie dat die evangelie soos dit in Genesis verkondig word, dieselfde is as die een wat deur Paulus verkondig word nie.

Die evangelie in Genesis gaan oor die goeie nuus dat God waar en eg is. Hy het die aarde geskape en die mens met verantwoordelikheid gekroon. Hy het sy wil aan die mens bekend gemaak en hom nie alleen gelaat nie. Hy het met spesiale sorg omgesien na die mense wat gekies het om aan Hom getrou te bly. God het ook in die tyd reeds bakens in die Bybel opgerig, bakens waarna

ons vandag kan terugverwys en wat aan ons bewys dat God in daardie tyd reeds die Verlosser, Jesus Christus, in gedagte gehad het, al het die mense van daardie tyd dit nog nie verstaan nie.

Die Bybel en die Christelike geloof is rasioneel, verstaanbaar en nie blind nie. Ek glo nie omdat ek uit ‘n sekere tradisie kom nie, maar omdat ek dit vir myself ondersoek het. Kom ons maak seker dat die goeie nuus vir vandag iets is wat ons met oorgawe dien juis omdat dit vir ons eerstehands uit die Bybel kom en nie tweedehands uit ‘n tradisie of uit ‘n kerk nie. Maak seker dat die evangelie vir jou so vasgeanker is in die Bybel dat dit vir jouself en vir die mense rondom jou ‘n baken sal wees om ons op koers te hou in die moeilike tye van aanvegting (die laaste dae van die kerk op aarde) wat ons nou reeds ingegaan het.

Kom ons raak ontslae van ‘n paar Bybellose tradisies rondom die evangelie en ons kry nog ‘n paar vaste Bybelse ankers vir die evangelieboodskap wat ons glo. Die evangelie is progressief deur die Bybel aan ons openbaar, nie eensklaps nie. Kom ons leer èn verstaan die evangelie soos die Bybel dit aan ons ontvou, want dan maak dit baie meer sin en dit word waarlik vir ons ‘n anker van die siel.

Die redes waarom ek meen dat OT-gelowiges NIE op die kruisdood van Christus gehoop het nie, is soos volg:

1. Selfs die 12 wat saam met Jesus alles tydens sy aardse bediening deurgemaak het, het niks van sy kruisdood geweet of verstaan nie (Luk. 18:34). Ek reken darem dat Petrus, Johannes en die res van hulle tog baie beter oor Jesus ingelig was as enige een in die Ou Testament. As hulle nie eers iets daarvan verstaan het nie, watter kans het enige OT-gelowige dan gehad om iets daarvan te weet?

2. Gal. 3:23 praat van 'n tyd "voor die geloof gekom het". Watter tyd is dit? Wel, ons weet almal dat geloof reeds van Genesis af daar was. Sonder geloof kon geen mens gered wees nie. Tog sê Galasiërs "die geloof" het eers gekom nadat die kruisevangelie bekend geword het en verkondig is. Dus, in terme van Galasiërs beteken "die geloof" die objek van geloof nl. Jesus wat 'n soenoffer aan die kruis gebring het. Geloof was wel in die OT daar, baie beslis, maar "die geloof" waarvan Gal. 3:23 praat, was nog nie daar nie.

3. Geen vers in die OT toon aan dat iemand gered is deur te glo dat Jesus vir sy sondes gaan sterf nie. Ons kan nie maar net veronderstel dat die mense dit geglo het as dit nêrens staan nie.

4. Ja, God het geweet dat Jesus vir die sondes van die mensdom gaan betaal en dit is bewys deur die talle plekke in die OT waar dit in skaduweevorm simboliseer is, soos in die tabernakel, die pasga in Egipte ens. Maar het die mense die simboliek in daardie tyd geken? Nee, hulle het nie. As hulle het, dan moes die 12 dit ook geweet het, maar hulle het nie.

5. Die feit dat mense offers na die tempel moes bring vir hulle sonde, bewys dat daar aan hulle in die tyd van onkunde 'n alternatief gegee is om aan vas te hou totdat die ware offer gebring en geopenbaar sou word. As hulle toe reeds geweet het dat daardie offer vir hulle niks kan doen nie en dat Jesus alleen vir hulle sonde gaan betaal, dan moes hulle tog, net soos ons, alle offers en seremonies afgeskaf het en direk in geloof en aanbidding hulle tot hulle Verlosser gewend het. Maar nee, hulle het dit nie gedoen nie. Nie een van die profete het eers vir hulle gesê om dit te doen nie.

6. Ja, hulle is gered uit geloof. God het die geloof in hulle harte beoordeel. Maar daardie geloof is in hulle verstand op iets anders gerig as wat dit vandag vir ons is. As hulle geloof op identies dieselfde objek en feit gerig is, dan maak die offers van die Ou Testament geen sin nie.

7. Nee, die offers het hulle nie gered nie; dit was hulle geloof, geloof in die woord en die opdrag wat God aan hulle gegee het. Die woord en die opdrag wat hulle ontvang het, het nie die plaasbekledende dood van Jesus ingesluit nie. Daar bestaan geen getuienis tot die effek in die OT nie.

8. Wat verkondig Paulus? "Die verborgenheid van die evangelie" (Ef. 6:19). Wat is 'n verborgenheid? 'n Waarheid wat nooit voorheen geken is nie (Rom. 16:25,26). Dus, die evangelie wat Paulus verkondig, die geloof wat hy verkondig, is nie voor sy tyd geken nie. Daarom sê ons met vrymoedigheid dat die mense voor Paulus se tyd nie geweet het dat Jesus sou sterf en opstaan as versoening van hulle sonde nie.

9. Die Emmausgangers was absoluut toegewyde Joodse gelowiges van daardie tyd wat dus ook die Skrifte geken het. Die feit dat hulle drie dae na die dood van Jesus verslae was en met mekaar oor die tragiese gebeure gepraat het, bewys dat hulle diep gelowig was. Maar as hulle en al die OT-gelowiges voor hulle reeds geweet het van die kruis, soenverdienste en opstanding, dan moes hulle mos nie verslae gewees het nie! Hulle moes eerder massief opgewonde gewees het en die waarheid waarvoor almal al eeue lank wag, uitgebasuin het!

Maar hulle het nie. Hulle het daarvan niks verstaan nie. Hulle was net soos die 11 apostels gelowig, maar het van die kruis niks geweet nie. Jesus verskyn toe aan hulle en lê die Skrifte aan hulle uit. Hoewel Jesus en sy kruis in skaduwee en simboliek op baie plekke in die OT aanwesig is, dui die rekord net so duidelik aan dat die gelowiges voor die kruis nie die bedoeling daarvan verstaan het nie. Dit is eers na die kruis aan hulle uitgelê.

10. Dit kan met goeie reg gesê word dat Hebr. 11 die grootste hoofstuk oor geloof in die hele Bybel is. Dit handel oor die geloof van die vaders in die OT. Nou ja, wat het daardie mense geglo? Dat Jesus aan die kruis vir hulle sonde gaan sterf? Nee, seker en gewis nie! As dit wel die geval was, sou Hebreërs 11 dit tog gesê het! Die geloof van die mense van die Ou Testament is die een enkele tema van die hele lange Hebreërs 11. Maar van die geloof in die toekomstige soenverdienste van Jesus aan die kruis is daar geen teken in Hebreërs 11 nie. Hebreërs 11 bewys dat geloof presies net so werksaam was in die OT as vandag en dat hulle net soos ons uit genade en deur geloof gered is, MAAR dat die feite of die waarheid waarop die mense in daardie tyd se geloof bewustelik gerig was, drasties van ons s'n verskil .

11. Kom ons lees Luk. 24:44-46. Jesus verskyn vir die soveelste keer aan die apostels om aan hulle te bevestig dat Hy inderdaad lewe en dat sy dood en opstanding in die Skrifte voorspel is. Hy open toe hulle verstand om die Skrifte te verstaan. Wat beteken hierdie laaste verse van Lukas? Dit beteken eenvoudig dat Jesus se mees intieme groep gelowige navolgers nie in die kruisiging en opstanding geglo het toe hulle die leë graf gesien het nie. Hulle het daarvan niks begryp nie. Dit het 'n hele paar verskynings van Jesus gevat om hulle tot die geloof te bring ("die geloof" - die nuwe geloof). Hy moes hulle verstand vir hulle open dat hulle die Skrifte kon verstaan. Tog weet ons dat die 11 nie ongelowiges was nie, maar gelowig. Hulle het dan die evangelie van die koninkryk verkondig terwyl hulle saam met die Here was. Ja, hulle het gepreek, maar van die kruis en opstanding niks geweet nie. Beteken dit dat hulle eintlik verlore was toe hulle nog voor die kruis saam met die Here was? Nee, hulle was nie verlore nie! Hulle was maar net tipiese Ou Testamentiese gelowiges. Ou Testamentiese gelowiges het geglo wat vir hulle gegee is, maar dit is nooit vir hulle gegee om tot redding te glo in die toekomstige soendood van Christus nie.

12. Ja, die koms van Jesus as die Messias is dikwels in die Ou Testament voorspel. Jode het inderdaad uitgesien na die koms van die "groot profeet". Maar beteken dit nou dat hulle ook

daarna uitgesien het dat Hy aan die kruis vir hulle sondes gaan sterf? Nee, hulle het nie. Kyk maar na Sag. 9:9,10. Vers 9 sê jou Koning kom na jou en Hy ry op 'n jong esel. Onthou, hierdie profesie sou vervul word skaars 'n week voor Jesus aan die kruis sou sterf. So, wat sê Sag. 9:10? Staan daar dat die Koning dan aan die kruis gaan sterf? Nee, niks daarvan nie. Daar staan dat Hy die strydwaens en die strydboog gaan vernietig en dat Hy vrede aan die nasies gaan verkondig. Sag. 9:9 is dus al vervul, maar Sag. 9:10 is nog nie vervul nie. Strydwaens en strydboë in die wêreld word vandag nog steeds meer en meer. Sag. 9:10 sal eers vervul word as Jesus weer kom om die 1000-jarige vrede te kom inlui. Die Jode se verwagting in die Ou Testament was dus wel op Jesus Christus gerig, maar nie op die kruis nie - eerder op die koninkryk van vrede.

Jesus hèt toe gekom en Hy hèt op 'n donkie gery. Hulle kon dit nie mis nie. Daar was baie Ou Testamentiese bakens wat op Hom gewys het, maar die koninkryk wat die Ou Testament daarmee saam voorspel het, het nie aangebreek nie. In plaas daarvan het Hy aan 'n kruis gesterf en op die derde dag weer opgestaan. Maar waarom dan so 'n onverklaarbare breek tussen Sag. 9:9 en 9:10? Die een is vervul en die ander een is na 2000 jaar nog nie vervul nie. Die rede is eenvoudig. Jesus het vir Israel gekom, die doel was om die beloftes van die vaders (ook Sag. 9:10) te kom waar maak (Rom. 15:8). Maar Israel het nie geglo nie. Dit wat op daardie dag tot hulle vrede moes dien, het hulle nie geweet nie (Luk. 19:42). Hulle het die tye van God se grote besoek aan hulle nie opgemerk nie (Luk. 19:44). Hoewel Jesus so baie tekens in hulle teenwoordigheid gedoen het, het hulle nie in Hom geglo nie (Joh. 12:37; Rom. 11:7).

Jesus het dus wel gekom om Sag. 9:10 ook te kom waar maak. Hy wou vrede op aarde tot stand bring. Vrede op aarde is reeds by sy geboorte aangekondig, maar is nou nog steeds nie hier nie. Wat by die intog in Jerusalem 'n dag van groot vreugde en triomf moes wees (Luk. 19:37,38), wat op Sag. 9:10 moes uitloop, was toe inderdaad 'n dag van droefheid (Luk.19:41). Israel het nie gekry waarna hulle gesoek het nie (Rom. 11:7).

Die kruis het dus in die plek van die koninkryk gekom. (Die koninkryk is nie vervang nie, net uitgestel.)

Om dus ons geloof op die Bybel te bou, moet ons van al die onBybelse tradisies ontslae raak. Dit is die goed wat die Bybel in 'n waas van misterie gehul het en wat maak dat mense nie meer vrymoedigheid met die Bybel het nie en dit nie verstaan nie. Hulle stel hulle tevrede met dit wat die kerk sê. Hulle geloof is

dus tweedehands.

Wel, hier is ‘n geweldige groot stuk tradisie wat mense van die Bybel af weghou en wat vandag hier deur ons aangespreek is. Die kerklike tradisie glo dat mense van die Ou Testament gered is deur vooruit te kyk en te glo in die komende kruisdood van Christus. Dit is nie waar nie. Dit maak ook nie sin nie. Om so iets te dink, is totaal teenproduktief. Vroeër of later gaan iemand agterkom dat die Bybel nie van so iets weet nie en dat al die feite wat in die Bybel aangebied word, dit weerspreek. En wat gebeur dan? ‘n Geloof waaraan iemand vir jare vasgehou het, maar wat nie op die Bybel gebou is nie, word ondergrawe en dit kan rampspoedige gevolge hê.

En wat van ons kinders? Watter geloof leer ons vir ons kinders? Leer ons hulle ook bewustelik of onbewustelik om goed te glo wat uit die tradisie kom en nie in die Bybel staan nie? Wat gaan in die toekoms van so ‘n soort geloof word? Gaan hy oor die krag beskik om teen die verwoede en felle aanslag van die laaste tyd staande te bly? Ek is bevrees, nie. Die meeste van hulle gaan van die geloof afvallig word. Hulle het fabels geglo wat nie vasgeanker was in die Bybel nie. Vergeet van die kerk en sy tradisies en leringe en gaan terug na die Bybel.

Nog ‘n tradisie wat ons in die kerk geleer het, is dat Israel eintlik die kerk is. As ons Israel in die Bybel lees, dan moet ons “kerk” of “ons” sien. Dit is ‘n dwaling. Ons het dit ook hierbo aangespreek. Israel is Israel. Hulle het hulle Messias verwag en geglo, soos die Ou Testament voorspel, dat Hy daar en dan vir hulle die koninkryk van vrede sou bring. Maar hulle het hom verwerp. Die koninkryk kon dus nie daar en dan ingestel word nie. Jesus het toe in stede daarvan aan die kruis ‘n versoening vir die hele wêreld bewerkstellig. Daarna gaan roep Hy toe ‘n ander apostel, buite die kring van 12 wat Israelse koninkryksapostels was, om die evangelie van God se genade aan die hele wêreld te gaan aanbied. Vandag is daar nie so iets as Israel nie. Ja, hulle is besig om herstel te word en na die bedeling van die kerk afgehandel is, sal die profesie oor Israel nog vervul word soos dit in die Ou Testament en Rom. 11:25 en 26 staan. Maar nou, vandag, is Israel geen faktor in ons geloofslewe nie.

Maar die tradisie van die kerk leer ons dat ons nou Israel is. Ons moet nou met water gedoop word om in Israel se verbond in te kom. Dit is totaal onmoontlik en is net nog ‘n stuk mensgemaakte geloof waarvan die Bybel niks weet nie. Dit is ‘n geloof wat mense in die laaste dae gaan laat wankel omdat hulle

huis nie op rots gebou is nie.

Die evangelie van die kruis is nie in Ou Israel verkondig of geglo nie. Vandag is dit 'n evangelie wat sonder onderskeid aan alle nasies in ons tyd uitgedra word. Jesus het aan die kruis totale versoening tussen God en mens bewerk. Die struikelblok van sonde en die kloof tussen die heiligheid van God en die onheiligheid van die mens is by die kruis oorbrug. Volkome versoening met God is reeds bewerk en word as afgehandelde pakket vir elke mens aangebied. Jy hoef niks en kan niks daarby doen om dit te verdien of te aktiveer nie. Jy moet net "ja" sê en opstaan om dit te kom vat. Jy moet dit in die geloof jou eie maak. Jesus het al klaar aan die kruis jou sonde op Hom geneem. Jy moet net bereid wees om dit te glo en om die pak van sonde wat jy tot nou toe verkies het om self te dra, by die kruis te gaan neersit.

Dit is die evangelie vir vandag. Ons het voorheen gepraat oor die evangelie in Genesis en Exodus. Wel, hierdie evangelie kom nie daar voor nie. Maar wat ons wel in Genesis en Exodus kry, is die bewyse en die bakens wat opgerig is om aan te toon dat God hierdie evangelie toe alreeds in gedagte gehad het. Dit was toe nog nie aangebied nie, maar ons kan retrospektief vandag duidelik sien hoe God dit toe reeds beplan het.

Nee, ons is nie Israel nie. As ons Israel was, dan sou die evangelie nie vir ons aangebied kon gewees het nie. Hierdie evangelie se voorwaarde is duidelik dat daar geen onderskeid tussen mense is nie. Ook nie eers 'n verbond nie. Die verbond maak onderskeid, maar vandag is alle mense voor God gelyk. Almal is op gelyke basis die objekte van die versoeningsdaad aan die kruis. En as ons Israel was, dan sou ons ook na die koninkryk op aarde moes uitsien. Dit is wat Israel se verwagting was (Sag. 9:10). Maar ons wat lede is van die liggaam van Christus, het die dag toe ons tot die geloof gekom het, reeds die aarde afgelê en ons permanente woonplek in die hemel in die geloof opgeneem. Ons is nou burgers van die hemel (Fil. 3:20) en al ons hoop en verwagting is ook op die hemel gerig. Die kerklike tradisie wat al sy tyd en aandag aan aardse programme van sosiale opheffing en politieke gelykheid bestee, is 'n toonbeeld van 'n geloof wat soos Israel net op die aarde gerig is en geen begrip van die hemel het nie. Volgens die ware geloof moet ons roeping wees om die hemelse verwagting te verkondig en die mense los te maak van die aarde en te laat dink en verlang na die hemel (Kol. 3:1-4).

Toe reiniging deur die bloed nog nie geken is nie

Deur David Malan

In hierdie artikel wil ek eers nege Bybelse feite in verband met die waterdoop voorhou. Hierdie nege punte het ek ook aan ‘n leraar van ‘n groot kerk, noem hom maar Gideon, voorgehou. Hy het sy besware daarteen opgeteken en vir my teruggestuur en ek het toe op elk van sy besware gereageer. Dit word alles in die artikel weergegee.

1. Die doop is nie 'n instelling van die Nuwe Testament nie. In Deuteronomium en elders moes die priesters gedoop word voor hulle tot die bediening toegelaat is. Esegiël voorspel dat die volk Israel met rein water gewas en besprinkel sal word voor die dag van die Here aanbreek. Israeliete het die profesie geken en hulle het gewag vir die dag waarop hulle gedoop sou word. Sinagoges van daardie tyd het almal soos Pinksterkerke gelyk. Hulle het almal 'n groot waterbad gehad, die "Mikveh" genoem. Toe Johannes die Doper begin doop het, het niemand gevra "wat doen jy nou?" nie. Hulle het almal geweet wat hy doen. Hy begin nie met 'n nuwe ritueel vir die Nuwe Testament nie, maar gaan aan met 'n praktyk en voorspelling van die Ou Testament.

2. Vir Johannes was die doop tot vergewing en tot bekering. Simbolies is hulle in die water gewas soos die priesters van die ou bedeling. Dit was 'n reinigingseremonie. Dit het saamgegaan met die aankondiging dat die Messias gekom het en dat Israel nou as volk, volgens die voorspelling van Esegiël sy rol as God se priestervolk aktief moet opneem. Israel word nou gereinig vir hulle profeties-bestemde rol. Dit was net Jode wat gedoop is.

3. Die doop wat na die opstanding aan die apostels opgedra is, was geensins anders nie. Dit is ook tot vergewing van sondes en tot bekering. Dit was 'n verbondsvolk wat vir sy profeties-bestemde taak voorberei is. Tot Pinksterdag nog steeds net JODE EN JODE ALLEEN.

4. Die kruisevangelie het hulle nie geken nie (Lees die vorige artikel). Van verlossing deur die soenverdienste aan die kruis het hulle totaal en geheel en al niks begryp nie. Ons weet baie goed dat ons vandag, nou dat ons die verlossing aan die kruis as die

grootste waarheid van ons lewe erken, nie meer 'n offer in die tempel kan bring nie. Dieselfde geld tog ook vir die Joodse water -seremonie. Jy kan nie as wedergebore en Christus gereinigde mens voortgaan om in water gereinig te word nie. Die Joodse waterseremonie was net soos die offers van die wet vir 'n tyd voordat "die geloof gekom het" (Gal. 3:23). Daarom gaan Gal. 3:27 ook voort om te praat van die nuwe betekenis van "doop". Nou word ons deur doop (sonder water) met Christus beklee. Nie met water nie. Water was "tot bekering" vir die verbondsvolk voor die kruis geken is. Maar om nou met Christus beklee te wees, gaan oor die doop van Christus se kruis wat nie met water te doen het nie (Matt. 20:22-23).

5. Die beginsel van die evangelie is vandag baie duidelik. Geloof en genade staan ALLEEN. 'n Ritueel kan hoegenaamd geen duit tot die saligheid bydra nie. Die eis van die evangelie wat ons dien, laat geen plek vir die waterdoop nie. Ja, en dit staan ook net so in Die Bybel. Hebr. 6:2 sê ons moet by die leer van die doop verby beweeg. Hebr. 9:10 sê ons moet die dopinge los (wassinge in water) "baptismois". Johannes die doper het nie met 'n nuwe ritueel begin nie. Wat hy gedoen het, was deel van die Jode se wassinge, reiniging in water, "baptismois". Nou sê Hebr. 9:10 ons moet die baptismois los. En dit maak sin. Soos wat jy nie in hierdie geloof en evangelie 'n offer kan bring nie, kan jy ook nie met hierdie evangelie saam in water gereinig word nie.

6. Paulus het net drie of vier mense gedoop en dit toe gestop. (1 Kor. 1). Hy sê in 1 Kor. 1:17 dat wysheid van woorde die kruis verydel. Maar in dieselfde sin sê hy ook dat hy nie geroep is om te doop nie. Onteenseglik gaan menslike wysheid en verydeling van die kruis saam met 'n voortsetting van die praktyk van waterdoop. As ons nou nog wil aanhou om met water te doop, dan doen ons dit met menslike redes en nie Bybelse redes nie. Party sê dit is net 'n "getuienis". Goed en wel, maar die Bybel weet niks daarvan nie. In die Bybel is mense gedoop "tot reiniging", "tot bekering" of "tot vergewing van sondes". Vandag kan dit nie meer nie. Vandag staan die kruisevangelie ALLEEN. Enige iets wat daarby gevoeg word, werp 'n refleksie op die algenoegsame offer aan die kruis. Daarom doop Paulus net drie of vier mense en toe STOP hy.

7. Daar is kerke en groepe wat nog die waterdoop probeer toepas soos dit in die Bybel staan, "tot redding" of "tot bekering" of "tot vergewing van sondes". Mense, asseblief, dit was vir 'n tyd toe die kruisevangelie nog nie geken is nie (Luk. 18:34). Op Pinksterdag sê Petrus ook nie een woord oor die kruis as weg tot

saligheid nie, maar hy bied wel die doop aan tot vergewing van sondes. Paulus is net mooi andersom. Hy is geroep om die evangelie van die kruis aan alle nasies uit te dra. Hy praat daaroor op elke bladsy, en natuurlik - die praktyk van waterdoop kom by hom dodelik tot stilstand. Maar wat doen hierdie kerke wat aanhou om te doop tot vergewing van sondes? Natuurlik, hulle verydel die kruis. Niks anders en niks minder nie. Hulle hou hulle besig met 'n praktyk wat die aandag wegneem van die totale algenoegsaamheid en sentraliteit van die kruisevangelie. As ek Paulus met Petrus op Pinksterdag vergelyk, is dit duidelik. Dit is OF ... OF. Óf die kruisevangelie óf die waterdoop.

8. Maar nou sê mense hulle doop nie tot bekering nie, net as 'n getuienis. Jammer, daar is nie so 'n doop in die Bybel nie. Daar is net twee opsies: Gaan aan om tot vergewing van sondes te doop en bied dan vir mense iets anders behalwe die kruis waaraan hulle kan vashou (onmoontlik volgens ons evangelie) OF maak soos Paulus maak. Preek die kruis ALLEEN en stop met die waterdoop.

9. Dan is daar nog die saak van die verbond. Baie mense doop nog steeds op grond van die verbond. Watter verbond? God het 'n verbond met Israel in die Ou Testament gehad. Integraal deel van daardie verbond was die wet en die besnydenis. Daardie verbond is vervul. Die wet is aan die kruis vasgespyker. Hy bestaan nie meer nie. Paulus gebruik in sy 14 briewe NOOIT ENIGE verbondsterminologie wanneer hy die evangelie aan die heidennasies uitdra nie. As daar by ons nog enige sprake van 'n verbond is, is dit die nuwe verbond, 'n anderse soort verbond, gestroop van die wet en van fisiese rituele en seremonies. Die nuwe verbond ken ook nie geloofsvoortplanting van vader na kind nie. Elkeen staan of val by sy eie geloof.

Kom ons beantwoord Gideon se besware wat uit hierdie 9 punte ontstaan het:

By punt 1. Broer David, dink jy werklik dat die doop nie 'n instelling van die Nuwe Testament is nie?

Gideon, ek sien Jesus se doopopdrag aan die einde van die Evangelies nie as die instelling van die doop nie. "Instelling" is tog daar waar dit alles begin. Ons ken die instelling van die besnydenis in Genesis en die instelling van die huwelik ook in Genesis. Dit is waar dit alles begin. In daardie sin kan Matt. 28 nie die instelling van die doop wees nie. Doop kom toe alreeds 'n baie ver pad. As dit 'n instelling was, dan moes almal wat deur

Johannes en deur die apostels tydens Jesus se bediening gedoop is, weer oorgedoop gewees het (sommige glo dit wel - hulle haal Hand. 19 hiervoor aan. Ek glo nie mense is ooit oorgedoop nie). Doop is dus nie by Matt. 28 ingestel nie, maar net herbevestig. Doop kom uit die OT.

By punt 2: Ek is nie seker wat hierdie profeties-bestemde taak is wat jy bedoel nie. Kan jy asb. verduidelik wat dit is? Ek stem saam dat Johannes se doop in veband staan met Israel se bekering van hulle verbondsontrou. Maar dat hulle daardeur gewy is (soos die priesters) tot 'n amp / funksie, - daar kry ek nie mooi jou kloutjie by my oor nie.

Antwoord:

Ek het hierdie punt maar net aangehaal om verder te bevestig dat waterdoop nie 'n instelling van die Nuwe Testament is nie. Die feit dat dit wel so prominent aan die begin van die Nuwe Testament voorkom, is ook verstaanbaar. Die volk moes gereinig word om die profesie wat oor hulle uitgespreek is, 'n realiteit te kon laat word.

Kyk na Ex. 30:19-20 (slaan self na). Hier word Israel se waterdoop die eerste keer genoem. Sonder hierdie reiniging-seremonie kon niemand as priester dien nie. Van hier af aan was dit 'n algemene praktyk vir priesters en almal wat op enige wyse in die tempel diens moes doen.

Vergelyk dit nou met wat in Ex. 19:5,6 aan die volk gesê is. God se uitverkiesing van Israel het 'n groot doel gehad. Hulle sou, in die toekoms, vir God optree as 'n "**koninkryk van priesters**". En let ook op die posisie van Ex. 19:5,6. Dit kom net voor Ex. 20, die bekendste deel in die Bybel. Sekerlik het Israel hierdie verse bitter goed geken. Dwarsdeur die eeue het Israel gewag vir die dag wanneer Ex. 19:5,6 waar gaan word. Nou is die implikasie duidelik. As Johannes dan nou sê: "Die Messias is hier!" "Die koninkryk is naby!" Wat sê hy dan eintlik? Hy sê die tyd vir Ex. 19:5,6 is hier! Israel gaan nou 'n koninkryk van priesters word! Maar hoe word hulle dit? Die Jode het dit goed geweet. Jy word 'n priester deur gedoop te word (Ex. 30). Dít is wat Johannes hier doen! Niks, niks, niks anders nie.

Tot op daardie stadium was priesterskap beperk tot die geslag van Äaron. Maar dit was net 'n tydelike reëling. Äaron se funksie was om die volk te begelei om almal priesters te word. Natuurlik het Israel nooit geweet dat dit vir hulle so lank sou neem om priesters te word nie. Ons ken die lang en droewige verhaal van Israel. Elke keer op kritieke momente het die volk

weer teruggeval in sonde en afgodery. Selfs hierdie poging van Johannes die Doper en Jesus het misluk. (Matt. 23:37-39).

Kom ons kyk nou na die volgende bevestiging dat Johannes se doop oor die priesterskap van Israel gaan. Eseg. 37 is die hoofstuk in die Bybel wat uitspel wat God gaan doen om uiteindelik na al die rampe en terugslae, Israel te bring op die plek wat in Ex. 19 aan hulle voorgehou is. Dit is die profesie van die doodsbeendere. Hierdie is 'n wonderlike hoofstuk in die Bybel. Dit is wat God gaan doen om van Israel sy priestervolk te maak! Hy wou dit in die tyd van Johannes die Doper en Jesus se aardse bediening doen, "maar hulle wou nie".

En dit is ook die rede waarom die nuwe verbond in die Ou Testament (Jeremia en Esegiël 36) eksklusief aan Israel voorgehou is, maar tog het Israel as volk vandag nie daaraan deel nie, maar die vrug van die nuwe verbond is wel vandag, op 'n wyse waarop die Ou Testament nie daarvan praat nie, werksaam onder die heidennasies. Baie duidelik is dit egter dat AAN ISRAEL EERSTE in die evangelies die geleentheid gegee is om uiteindelik hulle profeties-bestemde belofte in ontvangs te neem, "maar hulle wou nie" (Matt. 23:37-39). So, wat staan hier in Eseg. 36 oor die nuwe verbond vir Israel? Hier waar God aankondig (saam met Eseg. 37) hoe Hy Israel totaal gaan herstel en suiwer om sy belofte in ontvangs te neem?

Nadat Hy Israel uit die nasies gaan haal het en hulle in hulle land bymekaargebring het: ***"Dan sal ek skoon water op julle giet, sodat julle rein kan word; van julle onreinhede en julle drekgode sal Ek julle reinig."*** Ek sê weer: Nie een het vir Johannes op daardie dag gevra wat hy doen nie. Hy het ook nie nodig gehad om iets te verduidelik nie. Die mense het geweet en hulle het in lang toue kom staan om gedoop te word.

En wat gebeur nadat die aardse bediening van Jesus afgehandel is? Paulus sê in Rom. 11 Israel het nie gekry wat hulle gesoek het nie. Dan kom Petrus in sy sendbriewe en hy probeer ook om aan sy volk te verduidelik dat hulle verwagting nie gerealiseer het nie, maar dat hulle nie moed moet verloor nie. Hulle is nog steeds bestem om God se koninkryk van priesters te wees. Israel sal dit nog steeds in die toekoms wees, maar nou, intussen, is daar 'n wonderlike nuwe weg geopen deur die kruis van Christus waardeur hulle en ons, almal tesame, almal wat in Christus glo, in geestelike sin vir God 'n koninkryk van priesters kan wees.

Ek sien die woorde van **'n koninkryk van priesters** hier in Petrus se brief (1 Petr. 2:9) in die lig van die feit dat hy sy brief

aan Messiaans-gelowige Jode rig om hulle gerus te stel oor die groot bekommernis in hulle harte dat hulle volk dan nou hulle bestemde rol om 'n koninkryk van priesters te wees, verloor het. Dit bevestig net weer hoe belangrik hierdie verwagting om 'n koninkryk van priesters te word, vir Israel was en waarom hulle so gewilliglik hulle aan Johannes se doop onderwerp het.

By punt 3: Hier sukkel ek ook om jou gedagtelyn te volg: Johannes se doop/rol as wegbereider was afgehandel met die doop van Jesus. By Sy hemelvaart (3 jaar later) beveel Jesus die doop as teken van dissipelskap. Van daar af (regdeur Pinksterdag tot nou) was hierdie (Christelike) doop bedoel vir ***enigiemand*** *(Jood of heiden) wat tot geloof in Christus sou kom. Daarom kan ek nie verstaan waarom jy sê dat dié doop (deur Jesus ingestel) toe slegs op Israeliete van toepassing was nie.*

Antwoord:

Ek sien geen verskil tussen die dope wat voor en na die opstanding bedien is nie. Onthou dat die apostels, na die tyd van Johannes, in die teenwoordigheid van Jesus, ook mense gedoop het. So, watter doop was dit dan daardie? Dit is nie die doop van Johannes nie, dit is tydens Jesus se bediening van drie jaar, maar dit is voordat Jesus die doop "ingestel" het. Nee, hier is geen rede hoegenaamd om te praat van 'n Christelike doop na die opstanding nie. Dit is maar net 'n reglynige voortsetting van een en dieselfde doop. Albei was vir Jode en in beide gevalle was die kruisevangelie nog nie bekend nie.

Die Bybel sê vir ons waar en wanneer mense vir die eerste keer "Christene" genoem is. Dit is eers diep in die boek Handelinge en gaan saam met die tyd toe die evangelie sonder voorkeur aan alle nasies uitgedra is en toe die kruisevangelie ook vir die eerste keer tot saligheid aan die mense voorgehou is. Dit is waar die Christendom begin. Jesus se opdrag in Matt. 28 is dus nie 'n anderse "Christelike" doop nie.

Die doopopdrag van Matt. 28 (en die ander Evangelies) en soos ook toegepas op Pinkster en daarna, was presies net soos Johannes se doop "tot bekering", "tot vergewing van sondes" ens. Dit is ook, tot minstens op Pinksterdag, eksklusief net aan Jode bedien. Daar was op Pinksterdag nie een enkele heiden teenwoordig nie en nog minder is daar 'n heiden gedoop.

Johannes se doop gaan onteenseglik gepaard met die aankondiging dat die koninkryk "naby gekom het". Die boodskap op Pinksterdag is 100% identies dieselfde. a) Daar was net Jode teenwoordig. b) Hulle word in die preek herinner aan

die koninkryksbeloftes wat aan Israel gemaak is en dat Dawid se troon herstel gaan word. c) Dan word Israel direk uitgenooi om hulle te bekeer sodat die Messias (wat intussen opgevaar het na die hemel) gou, daar en dan, kon terugkeer om die koninkryksbeloftes wat aan die vaders van Israel gemaak is, te vervul (Hand. 3:19-22). Die Israelse koninkryksverwagting is hier vroeg in Handelinge eerder nog sterker en nog meer dringend as wat dit in Johannes se tyd was. In Hand. 1:6 vra die dissipels weer of dit nou die tyd is vir die oprigting van Israel se koninkryk. Ons is hier vroeg in Handelinge nog in die Israelse bediening en die tyd van die Christendom onder al die nasies was nog nie in die oog nie. Daarom word die kruis nie op Pinksterdag as evangelie aangebied nie en daarom ook word presies dieselfde doop ('n Israelse doop tot vergewing van sondes en tot bekering) wel op Pinksterdag aangebied.

Petrus kondig op Pinksterdag aan dat **die laaste dae** van die volk Israel daar begin het. Hierdie uitspraak het kommentare (wat Israel nie verstaan nie en wat dink Pinkster is reeds in die tyd van die kerk) baie snaakse dinge laat sê om sin daaruit te maak. Wel, **die laaste dae** vir Israel HET op Pinkster aangebreek en dit was NIE toe die laaste dae vir die kerk nie. **Inteendeel, dit was nog nie eers die EERSTE dae vir die kerk onder al die nasies nie,** want die Christendom het toe nog nie eers tot stand gekom nie. Ja, dit moes die "laaste dae" vir Israel gewees het. Die vers wat ons reeds aangehaal het (Hand. 3:19 -) sê Israel moes hulle net bekeer sodat die Messias weer kon terugkeer en die koninkryk vir hulle ingestel kon word. Israel was aan die vooraand van hulle laaste dae. As Israel hulle bekeer en die Messias aangeneem het - wel, God het geweet dat hulle dit nie sou doen nie - maar desnieteenstaande was die koninkryk nog altyd aan hulle beloof en nou **HET** die Messias gekom en nou **SOU** dit hulle laaste dae gewees het **AS** hulle die Messias aangeneem het.

Ek glo vas dat Pinkster eksklusief JOODS is en dat die Christendom nog nie in sig was nie. Dit is wat die FEITE van die Bybel meedeel.

*By punt 5. Dit is waar dat 'n ritueel / sakrament geen reddingswaarde het nie. Maar dat die evangelie geen plek vir waterdoop laat nie? Wanneer is Jesus se doop-**bevel dan opgehef?***

Antwoord:

Ek glo nie dit was nodig dat Jesus se doopbevel ooit opgehef moes word nie. Jesus het die twaalf apostels opdrag gegee om te

doop. Wie was die twaalf? Hulle was almal Jode. Wat was hulle posisie en roeping? Hulle was apostels binne die Joodse bediening van Jesus Christus. Hulle was ook bestem om in die koninkryk op twaalf trone te sit en oor die twaalf stamme van Israel te regeer (Matt. 19:28). Inteendeel, Jesus se hele aardse bediening staan onder die teken van Israel en die koninkryksbeloftes wat aan hulle gemaak is (Rom. 15:8).

Maar toe Paulus geroep is, is hy alleen geroep. Daar is nooit eers 'n suggestie gelaat dat hy deel van die twaalf sou wees nie. Matthias het Judas se plek ingeneem, nie Paulus nie. Paulus het in elk geval nie die aardse Jesus geken nie en sou nie kon kwalifiseer om een van die 12 te wees nie. Paulus is geroep as apostel (enkelvoud) vir die heidene (Rom. 11:13; 15:15,16). Paulus bou nie op die fondament van die twaalf apostels nie. (Rom. 15:20: "maar só, dat ek my eer daarin gestel het om die evangelie te verkondig, nie waar Christus alreeds bekend was nie - om nie op die fondament van 'n ander te bou nie -")

Paulus is 'n apostel vir die onbesnedenes en as sulks verskil sy bediening van die 12 wat apostels vir die besnedenes was (Gal. 2:7-9). Paulus was nie by toe die Here die doopopdrag aan die 12 uitgereik het nie en Paulus kry ook nie opdragte van die 12 nie (Gal. 1:15-17). Inteendeel, wanneer daar kommunikasie tussen Paulus en die 12 plaasvind (Hand. 15 en Gal 2), dan is dit duidelik op inisiatief van Paulus en ook nie om vrae te vra of opdragte van hulle te ontvang nie, maar om hulle in te lig oor sy bediening wat hy van die Here uit die hemel ontvang het.

Dus, Paulus se bediening is van begin tot end anders as die 12 s'n. Ook die inhoud en objekte van die bedienings verskil. Die doopopdrag hoef dus nooit vir Paulus opgehef te word nie. Hy het net nooit so 'n opdrag ontvang nie (1 Kor. 1:17).

Ja, ek glo werklik dat dit die eis van die evangelie is dat Jesus, die kruis, geloof en genade alleen moet staan. Dit kan nie in enige opsig deur werke, wet, seremonies of ervarings aangevul, ondersteun of halfpad ontmoet word nie. "God het Homself met die wêreld versoen." Hy het dit alleen gedoen. Niemand het Hom daarmee gehelp nie. Hierdie versoening kan alleen in die geloof aanvaar word. Niks, totaal hoegenaamd niks kan daaraan toegevoeg word nie. Enige poging om dit te doen, van watter aard ook al, is in stryd met die evangelie.

Paulus praat in Gal. 4:9 van swakke, armoedige eerste beginsels (stoigeia) wat mens agter moet laat as jy eers die glorie van die evangelie van God se genade leer ken het. "Stoigeia" is tog

duidelik al hierdie krukke van die ou lewe, die voorskrifte, wette, seremonies, ervarings en uitgediende leringe wat nie meer met die aankondiging van die genadeboodskap 'n plek in die evangelie kan hê nie. Wel, die stoigeia word weer in Hebr. 5:12 genoem en dan word daar voorbeelde van die stoigeia in Hebr. 6:1,2 gegee. Ja, inderdaad, die doop is een van die stoigeia waarvan daar ontslae geraak moet word.

*By punt 5: Hokaai nou, David! Jy sê: "Die evangelie wat ons dien, laat geen plek vir die waterdoop nie. Ja, en dit staan ook net so in Die Bybel." **Hebr.6:2** sê **nie** dat dit "uit" / "afgeskaf" is nie. Dan moet jy **ook** sê dat daar "**geen plek**" is **vir die ander** dinge wat in dieselfde sin genoem word nie, soos die prediking aangaande Christus, die bekering uit dooie werke, die geloof in God, die handoplegging, die opstanding van die dode en die ewige oordeel. Die skrywer bedoel slegs dat daar meer aan die evangelie is as dit. **Hebr.9:10** praat van die (OT) voorgeskrewe reinigingsgebruike wat opgelê was tot die tyd dat God 'n beter orde daar sou stel. Natuurlik ja, dít is uit!*

Antwoord:

In die vorige deel het ons reeds gewys op die voorkoms van die woord "stoigeia" in Galasiërs en in hierdie deel in Hebreërs. Galasiërs maak dit baie duidelik dat stoigeia goed is wat gelos moet word. Galasiërs baan die weg om aan te dui hoe die wet uitgefaseer is en die bediening van God se genade oorgeneem het. Dit is dus tog logies en voor-die-hand-liggend dat met so 'n drastiese oorskakeling, daar goed is wat gelos moet word. Op grond van die teks in Hebreërs het ek geen twyfel daaroor nie dat die doop een van die goed is wat in die kategorie val.

Maar goed, jy het nou in die aanhaling hierbo 'n paar besware aangeteken waarna ons baie verantwoordelik sal moet kyk.

Nou wil ek eers 'n baie belangrike Bybelse konsep aanhaal wat mense al te dikwels oor die hoof sien: Die twee bedienings van Jesus nl. die aardse en die hemelse. Sy eerste bediening is in Rom. 15:8 en die tweede in Rom. 15:16. Hierdie twee bedienings kan nie met mekaar vermeng word nie. Jesus het tydens sy aardse bediening nie die heidene bedien nie en nie die kruis as versoening voorgehou nie ens. In sy hemelse bediening, waarvoor hy Paulus aangestel het, is dit taamlik anders.

Let op 2 Kor. 5:16. Ons ken Christus nou nie meer na die vlees nie. Dít is die rede waarom daar goed soos "stoigeia" is. Want daar was twee bedienings van Jesus: terwyl Hy in die vlees was op aarde en dan sy geestelike bediening uit die hemel deur

Paulus. Die stoigeia is elemente van die Joodse geloofsisteem wat Jesus tydens sy aardse bediening **nog nie afgeskaf het nie**. Hy kon nie. Hy het Israel bedien. En die nuwe verbond was nog nie voor die kruis van krag nie. Het Jesus op aarde die tempeldiens en die offers afgeskaf? Ek weet nie daarvan nie. Het Hy die besnydenis afgeskaf? Ek weet nie daarvan nie. Inteendeel, Hy is self besny. Het Hy die Joodse Sabbat afgeskaf? Nee, Hy het nie. Het Jesus soos Paulus vir die mense gesê hulle kan nie deur die werke van die wet geregverdig word nie? Goed, sommige van sy leringe het wel die implikasie, maar Hy het nooit so reguit en direk die rol van die wet geskrap soos wat Paulus dit gedoen het nie.

Natuurlik, daarom praat Jesus op aarde ook nooit oor goed soos die "stoigeia" wat gelos moet word nie. Paulus kondig (op bevel van die hemelse Christus) die nuwe bediening van die evangelie van God se genade aan en daarom is hy die een wat (op bevel van die hemelse Christus) ook wys op die stoigeia, al die ou gebruike van die Joodse geloof wat nie meer in die nuwe bedeling kan werk nie. Nou vra ek julle mooi, moet my nie daarvan beskuldig dat ek Jesus uitmekaarskeur en opdeel in twee bedienings nie. Ek glo God en Jesus is vir altyd Een en onveranderlik. Jesus het nie verander nie.

Tog maak die Bybel dit klinkklaar duidelik dat daar deur die heilsgeskiedenis verskillende "fases" of bedienings was. Hebr. 1 praat ook oor die verskillende maniere waarop God met die mens gepraat het. Daar was eenvoudig iets soos die bediening van die wet aan die volk Israel (vir 1500 jaar). Hierdie bediening kon nie net gelos word en self "oorvloei" in die verkondiging van die kruis en die genade nie. Nee, die een bediening moes afgesluit word en die nuwe een aangekondig word. En hierdie dinge lees ek regtig baie duidelik uit die Bybel (waarvan sekere elemente vlugtig hierbo aangehaal is).

So, dit gee nou die agtergrond hoe die stoigeia in Galasiërs en in Hebreërs verstaan moet word. Paulus kondig (op bevel van die hemelse Christus) die nuwe hemelse bediening van Christus aan (Ef. 3:2,3; 2 Kor. 5:16; Rom. 15:16; Kol. 1:25-27). Daarmee saam en noodwendig beteken dit dat sekere elemente van die Joodse geloof uitgefaseer moet word. Onder Christus se nuwe bediening is daar dinge wat agtergelaat moet word.

Nou goed, in jou vraag sê jy hierdie goed kan nie agtergelaat word nie, want dan moet ons ook die "geloof in God" en "bekering" ens. agterlaat. Kom ons gaan kyk. Kom ek haal gou

'n sinnetjie aan uit 'n kommentaar van Hebr. 6:1: *"Whatever view we may entertain as to what constitutes 'the principles of the doctrines of Christ', one thing is beyond controversy, Hebrews 6:1 bids the reader to* ***LEAVE*** *them"*. (*Bold* in die oorspronklike). Die vers praat van goed waarmee ons moet voortgaan en ander goed wat ons moet los. Dit is tog logies dat "gaan voort" in die vers balanseer word met "agterlaat". Hebr. 6:1 begin met "dio". Dit is 'n skakeling (conjunction) met die voorafgaande laaste verse van hfst. 5 wat oor die stoigeia praat.

Op hierdie punt wil ek net sê dat die populêre verklaring dat die goed in Hebr. 6:2 nie gelos moet word nie, maar dat ons moet aanbeweeg na meer belangrike goed, maak nie sin nie. Hierdie verklaring gee geen antwoord op die saak van "geloof in God" nie. In watter opsig kan iets belangriker wees as geloof in God? Is daar een predikant wat hierdie vers preek en sê: "Julle moet nou groei in die geloof. Die geloof in God is nou nie meer so belangrik nie. Daar is ander goed wat nou belangriker is." Dit is tog totaal onmoontlik. Vir hierdie populêre verklaring van Hebr. 6:1 sê ek ook HOKAAI! Ek kan nie daarmee saamgaan nie. Ek is beslis nie bereid om vir iemand te sê dat die geloof in God nou minder belangrik is nie. Nee, hier is 'n heel **andersoortige verklaring**!

Ons moet kennis neem van die **stoigeia**. Hierdie is goed van die ou bedeling wat agtergelaat moet word. **Die Griekse woord is "afentes" (laat gaan; stuur weg; agterlaat; opgee; verlaat)**. In my woordeboek laat die woord nie ruimte vir die populêre verklaring van "behou, maar ag minder belangrik" nie.

Hoe is dit moontlik dat ons "geloof in God" moet agterlaat? Neem in ag dat hierdie **stoigeia** is, dan is die verklaring heel eenvoudig. (Het julle gesien, ons moet *die verhaal van die begin van Christus* agterlaat - herinner dit julle nie aan 2 Kor. 5:16 nie? - ***"nou ken ons Christus nie meer so nie"***). En nou ken ons God ook nie meer soos die Jode Hom geken het nie. Ons ken Hom nou baie beter. In die Ou Testament het hulle 'n streng "Een God" persoon aanbid wat ver in die hemel was. "Onse Vader wat in die hemele is". Maar nou het Christus God naby aan ons gebring. Immanuel! Ons gaan nou nie meer voort met die OT tipe van geloof in God nie. Ons aanbid God nou deur Jesus Christus. Joh. 14:6 staan nie in die Ou Testament nie. Hulle het dit nie so verstaan nie. Vir ons **IS** God nou Christus Jesus.

Vandag bestaan daar vir jou **GEEN GOD** as jy nie vir God intiem persoonlik ken deur Jesus Christus nie. Ek weet nie van julle nie, maar ek verstaan dit baie goed dat die stoigeia (OT)

geloof in God nou plek gemaak het vir 'n totaal nuwe benadering. Ons voorvaders (die Voortrekkers) het byna net die Ou Testament gelees en die voorbankers in baie kerkrade praat in hulle gebede van God, die Hoër hand, die Almagtige ens. Net dit. Hierdie mense kan ook maar by Hebr. 6:1,2 kom lees. Hulle moet die stoigeia tipe van geloof in God nou los. Dit werk nie meer in ons tyd nie.

Om op te som: AL die stoigeia wat in Hebr. 6:1,2 genoem word, is goed wat gelos moet word. Ook die doop. Ek gaan nie nou almal behandel nie. Lees verder in ons kommentaar op Hebreërs vir ‘n volledige behandeling van al die stoigeia in Hebr. 6:1,2.

As Jesus dan nou beide die Nagmaal en die Doop ingestel het, op watter gronde sou jy dan die Nagmaal behou en die Doop-bevel ophef? Beslis nie op grond van Paulus se uitsprake soos hierbo genoem nie!

Antwoord:

Ek reken daar is 'n groot onderskeid tussen die doop en die Nagmaal. Eerstens is nie een van die twee sakramente nie, want die begrip "sakrament" dra 'n klomp bagasie wat deur die Katolieke uitgedink is en nie in die Bybel staan nie. Tweedens is die Nagmaal werklik 'n herinnering wat heenwys na die kruis en opstanding. Dit is presies so dat die Bybel dit aangee. Maar die doop ontstaan nie rondom die kruisgebeure nie en het eintlik niks daarmee te doen nie. Die doop was juis daar voordat die evangelie van die kruis geken is om vir die mense iets te gee om aan vas te hou terwyl hulle nog nie die kruisweg geken het nie. Dus: Die apostel wat geroep is om die evangelie van die kruis bekend te stel en te verkondig, was nie geroep om te doop nie.

*Net ‘n opmerkinkie hier: Hierdie doop “**tot**” vergewing / bekering is nie bedoel om te beteken dat die doop dit doen nie, maar wel doop “met die oog op” / “with a view to” / “in view of”.*

Antwoord:

Ek sien nie 'n baie groot verskil tussen "met die oog op" en "tot" nie. Feit is dat in die tyd toe die waterdoop as opdrag aan mense gegee is, hulle nog nie die kruis as redding geken het nie. So, nou kan ons maar net bespiegel waaraan hulle dan nou wesenlik kon vashou as "weg" of "middel" tot die saligheid. Ek sê ook nie die water het hulle werklik gered nie, maar ek sê wel dat die water vir hulle gegee is om aan vas te hou in 'n tyd toe hulle nog nie die kennis gehad het van wat hulle werklik red nie. Vir ons om met die kennis wat ons vandag oor die saligheid het, nog steeds aan te hou om "tot redding" te doop (die enigste manier waarop

'n mens kan doop), is beslis nie die regte ding om te doen nie. Veral nie na alles wat 1 Kor. 1, Hebr.6 en 9 oor die waterdoop sê nie. Om met ons kennis van die kruis nog steeds aan water vas te hou, kan net ‘n teken van totale onkunde wees.

*Waarom sou Jesus dan beveel “**verkondig** die evangelie” **én** “**doop** hulle”? Het Hy dan daarmee ‘n refleksie gewerp op Sy algenoegsame offer aan die kruis? Broer David, as jy verstaan dat Jesus die doop beveel het as teken dat hulle Sy dissipels is, juis om hulle te herinner en te bevestig dat Sy bloed vir hulle gevloei het aan die kruis, kan ek nie verstaan waarom jy dit teen hierdie bevel van Jesus Christus kan hê nie. Buitendien kon en het Paulus dit nie van die tafel afgevee nie.*

Antwoord:

Ja, Jesus het gesê verkondig en doop. Maar verkondig wat? Het Jesus op aarde ooit opdrag gegee om te verkondig dat hulle gered word deur te glo dat daar aan die kruis vir hulle sondes betaal is? As jy van so iets weet, dan weet jy meer as wat ek weet. Nee, hierdie verkondiging het niks met die kruis te doen gehad nie en daarom moes hulle tot redding gedoop word.

Nee, Jesus het ook nooit beveel dat die doop gegee is om hulle te herinner aan sy kruisdood en algenoegsame soenverdienste nie. Dit word miskien vandag "geglo" dat Jesus dit gedoen het, maar ek is 200% seker dat Hy dit nooit gedoen het nie.

Nee, ek het niks teen enige bevel van Jesus nie, maar daar bestaan nie 'n doopbevel wat op die soenverdienste van die kruis gegrond is nie. Die doopbevel is inteendeel juis in die afwesigheid van enige kennis van die kruisevangelie gegee. Anders sou dit nie eers nodig gewees het om dit te gee nie.

Nee, Paulus vee niks van die tafel af nie. Hy was maar net, volgens sy eie woorde, “nie geroep om te doop nie”.

Ons moet onthou dat God wat ons geskep het, ons ook goed ken en verstaan en Hy weet dat ons bepaalde behoeftes het, en gedurigdeur herinner moet word aan Sy beloftes, Sy liefde, Sy trou en ook Sy eise. Daarom rig God as’t ware bakens op om ons daaraan te herinner, Sy beloftes te bevestig en ons geloof te versterk. Hy gee ons dinge om te sien en aan vas te hou. Sommige hiervan in die OT was die reënboog, die besnydenis, die pasga ens. Dieselfde God doen nog so voort – óók in die N.T. Hy het dit gegee omdat Hy dit nodig geag het en omdat ons dit nodig het. Ons kan nie nou gaan oogklappe aansit en fokus op dít wat óns nodig ag nie – ons moet eenvoudig gehoorsaam.

Antwoord:

Daar is niks wat vir my belangriker is as gehoorsaamheid nie. Ek het deel geword van die Liggaam van Christus as heiden (nie-Jood) en dus kragtens die bediening van die verheerlikte Jesus Christus en sy opdragte wat Hy aan Paulus gegee het. Ek het ingekom op grond van die deel van die Bybel waar daar "geen onderskeid" is nie en waar die evangelie van die kruis verkondig word. In hierdie dele sê Paulus hy is nie geroep om te doop nie; hy sê die waterdoop is deel van die stoigeia en laaste maar nie die minste nie, waar hy die evangelie in sy verskillende boeke uitlê, is die gedagte en betekenis wat by hom opkom as hy die woord "doop" gebruik, konsekwent net 'n geestelike werklikheid en nie 'n waterritueel nie.

As ek in die lig van Paulus se prediking nog steeds moet aangaan om Matt. 28 se doopopdrag uit te voer, dan moet ek seker ook die Sabbat onderhou, die tempel bywoon en dan moet ek ook aan die bevel van Matt. 23:2,3 gehoorsaam wees. Dit beteken ek moet die gesag van die Skrifgeleerdes en die Wet erken. Verder moet ek my ook "oopstel" vir die tekens en gawes van Mark. 16 wat saam met die doopopdrag gegee is en ook al die Pinkstergawes. Les bes, dan moet ek soos die Pinkstergemeente my goed verkoop en 'n Christelike kommune vorm, sonder enige privaatbesit. En nou het ek nog net bo-langs begin raak aan die goed. Daar is nog vele ander NT "bevele" wat ek en julle nie gehoorsaam nie en nie glo dat ons veronderstel is om dit te gehoorsaam nie. So, waarom nou net die doopbevel uitsonder?

Nee, ons kan nie die Bybel so hanteer nie. Ons kan nie lukraak self besluit dat ons nou die doopbevel wil gehoorsaam, maar ons toon geeneen van die ander eienskappe van daardie tyd wat ons aangehaal het nie. Ons kan nie lukraak besluit wat ons wil gehoorsaam en wat nie. Daar moet darem 'n vaste Bybelse sisteem wees op grond waarvan ons sekere dinge in die Bybel gehoorsaam en ander dinge nie. Ek glo ek het wel so 'n sisteem aangedui. Daar is nou duidelik die nuwe hemelse bediening van Christus. Daar is ook duidelik die stoigeia van die Joodse tyd (voor die kruisevangelie geken is) wat gelos moet word. Dit is die riglyn van wat gehoorsaam moet word.

By punt 9 (verbond): 1Kor. 7:14 werk op dieselfde beginsel as Gen.17:12. Kan jy dan verduidelik wat die verskil (in die lig van eg. teks) is tussen 'n heiden se baba en 'n gelowige se baba? Indien daar geen verskil is nie, waarom dan daardie teksvers?

Antwoord:

Nee, hierdie vers het volgens my siening niks en totaal niks met die verbond te doen nie. Die konteks praat net van die ongelyke

huwelik en nie van die verbond nie. Hier is dus 'n spesiale betekenis van die woord "heilig" wat ook elders in die Woord voorkom. Dieselfde as met "regverdig" wat nie altyd "regverdigmaking deur die kruis" beteken nie, beteken "heilig" hier ook nie om geestelik deur die werking van die Heilige Gees geheilig te word nie. Hier staan maar net dat, as die man 'n ongeredde vrou getrou het, hy haar kan "heilig". Hy kan met sy geloofsbenadering 'n geloofsatmosfeer vir die hele huis skep en die mense in die huis almal so "heilig", oftewel hulle in die konteks en in die bewuste ruimte van die geloof en die evangelie laat lewe.

Goed, ek glo dat iemand wat in 'n Christelike huis opgroei, 'n beter kans het om 'n wedergebore Christen te word, maar nie oor iets soos die verbond of die doop nie. Hulle beter kans om gered te word, is eenvoudig omdat daardie kinders in die kennis en liefde van Christus opgroei en omdat daar vir hulle gebid word. Net dit. Ek sal nooit aanvaar dat een mens op grond van die geloof van 'n ander mens gered kan word nie. Dit is totaal uit.

Gideon het toe nog 'n hele aantal punte aangehaal om aan te toon dat hy fundamenteel van my verskil. Omdat ek nie weer in detail daarop reageer het nie, sal ek dit ook nie alles hier herhaal nie. Ek het net kortliks geantwoord en toe die gesprek afgesluit:

Gideon, ons sal lank kan redeneer oor baie goed en as ons klaar is, gaan daar nog steeds in die Bybel staan dat Paulus nie geroep is om te doop nie. Goed, ek weet jy haal baie redes aan waarom dit iets anders moet beteken. Maar onthou, ek haal nog meer redes aan waarom dit net mooi beteken wat daar staan.

En dan is daar Hebr. 6:2. Die Griekse woord is **afentes** (van afiêmi) wat beteken **verlaat, los, versaak** ens. Weereens sal jy baie redes aangee waarom dit nie verlaat mag beteken nie, want jy glo nie dat die doop verlaat moet word nie. Maar as ons klaar geredeneer het, gaan die Bybel nog steeds sê dat die doop verlaat moet word. Hieraan kan ek of jy niks verander nie. Dieselfde met die dopinge van Hebr. 9.

Jy kom baie sterk uit met die gedagte dat Jesus net een bediening gehad het. Tog sal 2 Kor. 5:16 vir altyd, aanhou sê dat Jesus eers na die vlees geken is en dat ons Hom nou nie meer so ken nie. Rom. 15:8 sal aanhou sê dat Jesus se aardse bediening gerig was op die koninkryksbeloftes van die volk Israel. Dit sal ons nooit kan verander nie. Trouens, Jesus het self vir die Kananese vrou gesê dat Israel die kindertjies is wat by die tafel aansit en dat die heidene die hondjies is wat die krummels van die vloer af moet optel. Dit is wat God se Woord van Jesus se aardse bediening sê. Daarna kom Paulus en hy kondig op verskeie plekke formeel aan

(die verse het ek aangehaal) dat die bediening van die heidene nou begin. Wel, as dit nie twee bedienings is nie, dan weet ek nie so mooi nie. Ook Paulus onderskei sy bediening baie duidelik van diè van die twaalf (Gal 2:7-9).

Paulus het gesê dat ons geregverdig word uit genade en deur geloof ALLEEN en daarom maak dit baie beslis sin dat Paulus in al sy briewe NOOIT die opdrag herhaal dat ons met water moet doop tot redding of tot bekering nie. In die plek daarvan gee hy opdrag dat ons die doop moet LOS en dat hy NIE geroep is om te doop nie. Vir my maak dit geweldig baie sin. Verlossing is van die Here alleen. Hartlike groete tot heelwat later.

Elektroniese Bybelstudie

Deur Jurie Malan



Bybelstudie is die belangrikste aktiwiteit waarmee die Christen hom/haarself kan besighou. Wat kan meer belangrik wees as om God se Woord te verstaan en te kan oordra? Voowaar 'n Lamp vir my voet en 'n Lig vir my pad. Dit is ongelukkig wel so dat die meeste van ons baie mis deur Bybelstudie nie sy regmatige plek te gee nie. Die Bybel spreek tot ons op soveel verskillende maniere en style, dat dit so is dat ons nut daaruit kan vind om dit op baie verskillende maniere aan te pak. Daar is verskillende metodes, maar een ding is seker – ons moet dit biddend en met 'n gesindheid van leerbaarheid doen. Wat die Woord van God anders maak as enige ander geskrif, is dat dit LEWEND is.

Ons kan 'n sekulêre manuskrip bestudeer met die idee om spesifieke inligting te soek. Wanneer ons God se Woord bestudeer, wil ons eerder 'n gesindheid aankweek om oop te wees vir enige lering van die Woord. Wanneer ons met God se Woord te doen het, het ons met God self te doen. Ons wil dus alles in ons vermoë doen om Hom reg te verstaan. 'n Goeie plan van aksie is om die 'Induktiewe Metode' te volg. In kort kom dit op 'n driestap benadering neer: *observasie*, *interpretasie* en *toepassing*.

Observasie

Gedurende hierdie fase probeer ons om soveel as moontlik raak te sien sonder om vir 'n spesifieke boodskap te soek. Ons moet aktief probeer om ons eie voorveronderstellings opsy te sit. Probeer die basiese 'W' vrae beantwoord (Wie? Wat? Waar? Wanneer?). Dit is belangrik om die konteks te behou met die verse en hoofstukke voor en na. Dit is amper soos om 'n speurder te wees in 'n misdaadondersoek; jy kan nie bekostig om te kyk net vir dit wat jy graag wil sien nie; alles is belangrik en verg jou aandag.

Interpretasie

Soos een van my mentors dikwels sê: "Now put yourselves in the sandals of a Jew." Probeer verstaan wat hierdie inligting sou beteken vir die persone in die konteks. Omstandighede, kultuur, taal en geografie verander baie oor 2000 jaar. Deur dit in ag te neem, kan ek veel beter verstaan wat die boodskap is.

Toepassing

Biddend kom ons gou agter dat die boodskap in die Bybel vandag net so relevant is en direk met my ook praat. Wat is die boodskap vir my?

Deur hierdie paar basiese beginsels toe te pas, kan jy seker wees dat jou ervaring as student jou baie sal verryk. Jy kan dit alles doen deur bloot net jou gunsteling vertaling aandagtig te lees, maar dit sal ook help om ander se byraes en sienings in ag te neem. Christus werk deur sy gemeente en wil graag sien dat ons geestelik groei ook deur ons broers en susters se ondersteuning. Pasop! Dit beteken nie ons is hier op soek na nuwe bronne van lering buite die Bybel nie. Alles wat ons deur ons mede-Christene leer, moet altyd teen die Skrif getoets word.

Dit alles geld nie net vir eredienste en Bybelsudiegroepe nie, maar ook vir geskrewe werke. Ons kan byvoorbeeld ons observering (stap 1) baie verbeter, sou ons hulpmiddels gebruik om die oorspronklike taal, kultuur, letterkunde, geografie en geskiedenis beter te verstaan.

Interpretasie kan baat vind deur ander se getuienis te ondersoek en te weeg teen die Skrif.

Wanneer dit by toepassing kom, help dit om te leer hoe ander dieselfde waarhede verwerk het en daardeur kon groei.

Naslaanwerke

Deur 'n paar basiese naslaanwerke aan te hou in jou persoonlike biblioteek en te leer om dit te gebruik, sal jy gou vind dat jy veel

baat by jou studie vind. Weereens wil ek nie sê dat mens nie ook die Bybel op sy eie met baie vrug kan bestudeer nie. Daar is 'n plek en tyd om jou naslaanwerke te gebruik, maar ook om dit opsy te sit – net jy en jou Bybel biddend voor die Troon.

Net jyself kan uiteindelik besluit watter (en hoeveel) naslaanwerke jy wil raadpleeg. In dit alles, onthou dat net die Bybel onfeilbaar is; die res is die getuienis van ons broers en susturs en moet as sulks nooit as onfeilbaar gesien word nie. Solank ons dit besef, is ons vry om enigiemand se mening te bestudeer, maar dan te toets teen die Skrif. As jy graag net sekere boeke lees omdat jy glo dat dit reg is en die res verkeerd, is dit baie gevaarlik. Jy is dan, dalk onbewustelik, besig om sulke menslike werke in jou eie oë as onfeilbaar te verhef … Hiermee wil ek nie sê ons moet *alles* lees nie – jy sal gou vind by watter bronne jy die meeste baat vind sonder om noodwendig met 100% van die materiaal saam te stem. Om hierdie balans te vind, is kritiek vir goeie studie.

Kom ons kyk na 'n paar opsies wat ons het met die opbou van ons eie naslaanbiblioteek. Sommige van ons het seker 'n konkordansie om ons te help om die woorde wat in die oorspronklike taal gebruik is, te identifiseer en dalk 'n Griekse en/of Hebreeuse woordeboek om die woorde beter te verstaan. Voeg miskien hierby 'n woordeboek of ensiklopedie of twee vir hulp met die naslaan van Bybelname, -plekke, -kulture ens. 'n Kommentaar of twee en jou boekrak kan gou begin vol raak. En o ja, moenie vergeet om 'n paar verskillende Bybelvertalings by te voeg nie. Dit help dikwels om te sien hoe verskillende benaderings met vertalings beter begrip van die teks gee.

Doen gou 'n 'Google' op "850 Books for Biblical Expositors" en jy sal sien die lys het potensiaal om aansienlik te groei. Dit klink dalk buitensporig, maar onthou hierdie is meestal naslaanwerke, nie boeke wat jy deurlees nie. Boeke is duur, so hoeveel het jy werklik nodig? Vyf of tien kan baie help, maar as jy op 'n gereëlde basis in Bybelsudie verdiep raak, sal jou biblioteek gou na drie syfers toe groei.

Elektroniese Naslaanwerke

Gelukkig is dit so dat inligting met die groei van die internet en rekenaars goedkoper en meer beskikbaar geword het. Ons het vêr gevorder sedert die 80's toe ek met verwondering gekyk het na die eerste tuisrekenaar wat die hele King James vertaling kon stoor! My persoonlike elektroniese biblioteek stap aan na ongeveer 2500 volumes.

‘n Hele paar uitstekende produkte wat jy kan gebruik om jou eie elektroniese biblioteek op te bou, is baie goedkoop of verniet op die internet bekikbaar. Kyk byvoorbeeld na eSword : http://www.e-sword.net/.

‘n Paket soos ‘Logos Bible Software 4’ (http://www.logos-sa.com/ of http://www.logos.com/) is nie van die goedkoopstes nie, maar het verreweg die beste funksionaliteit en verskeidenheid boeke. Die gewilde Logos “Scolar’s Library” bevat byvoorbeeld min of meer 500 boeke, gekies om al die basiese behoeftes van ‘n ernstige Bybelstudent te dek. Die koste hiervan in gedrukte formaat sou ongeveer R 55,000.00 wees en dit sou ongeveer vier ses-vlak boekrakke opneem. Die prys van dit alles in Logos is minder as 10% van die koste vergeleke met die gedrukte boeke. Een van my gunsteling funksies met Logos is dat ek amper my hele biblioteek oral met my kan saamneem deur my iPad te gebruik, wat ligter is as die meeste enkel boeke!

Die hoofvoordeel van elektroniese biblioteke is egter nie die koste nie, maar die toeganklikheid. Wat in die verlede verskeie ure sou neem , kan jy nou in ‘n oogwink doen.

Kom ons kyk vinnig na ‘n paar basiese dinge wat jy met Logos kan doen:

Hoe sou ons byvoorbeeld vinnig deur die biblioteek soek vir ‘n spesifieke onderwerp? Kom ons soek artikels wat die woorde ‘rapture’ sowel as ‘tribulation’ bevat. Volgens die resultaat (sien langsaan), het dit die rekenaar minder as een sekonde geneem om 768 artikels in 195 boeke te vind wat beide die woorde bevat. ‘n Goeie beginpunt. Ek kan nou die resultate verder vernou deur meer woorde te spesifiseer, of ek kan bloot deur vinnig na die resultate te kyk besluit watter boeke/artikels ek wil sien en direk daarop kliek om dit oop te maak.

Ons kan ons soektog in Logos ook maklik teiken net op die bronne wat ons voel nuttig sal wees vir ons behoefte. Gestel byvoorbeeld jy het die geleentheid om iemand wat met luiheidsukkel met raad te bedien. In stede daarvan om deur al 2500 boeke te soek, het ek ‘n ‘Counseling’ groep opgestel deur eenvoudig een reël vir die groep te spessifiseer: “subject: counseling”. Logos klassifiseer self die boeke volgens tipe en onderwerp. Dit beteken dat enige nuwe boeke oor ‘counseling’ wat ek in die toekoms gaan byvoeg, sal outomaties in hierdie groep opgeneem word.

Dit alles om te sê dat ek nou bloot deur ‘lazy’ in te tik en die ‘Counseling’ groep te selekteer, onmiddellik 34 ‘links’ kry na



relevante artikels wat met berading oor luiheid te doen het. My oog val dadelik op die artikel in "Baker Encyclopedia of Psychology and Counseling". Hulle bespreek redes, sowel as hoe dit by verskillende persoonlikheidstipes manifesteer. Verder gee hulle raad met motivering gebaseer op Bybelse beginsels; hulle wys ook uit wat die verskil is tussen omkoop en motivering.

Met genoeg ervaring om Logos reg te gebruik, is dit soos om 'n span navorsers vir jou persoonlike gebruik gereed te hê!

Logos is baie sterk met hulpmiddels om oorspronklike tale se grammatika, struktuur en woordbetekenisse te analiseer. Dit kan gedoen word sonder om formele opleiding in die oorspronklike

tale te hê – terwyl jy dit gebruik begin jy gou om meer te leer. Logos leer jou selfs die regte uitspraak van al die Griekse woorde.

Sonder om die detail te bespreek, het ek hieronder 'n paar dele van Logos se eksegese van Joh 1:1-5 uitlgehaal:



The Deity of Jesus Christ

1 [a]In the beginning was [b]the Word, and the Word was [c]with God, and [d]the Word was God.
2 [1]He was in the beginning with God.
3 [a]All things came into being through Him, and apart from Him nothing came into being that has come into being.
4 [a]In Him was life, and the life was [b]the Light of men.
5 [a]The Light shines in the darkness, and the darkness did not [1]comprehend it.

Surface	le	praising	God.		Jn 1:1	In	the	beginning	was	the	Word,	a
MSS	7	εὐλογοῦντες 8	τὸν 9	θεὸν 10		Ἐν 1	→	ἀρχῇ 2	ἦν 3	ὁ 4	λόγος 5	κ
MSS Trl		eulogountes	ton	theon		En		archē	ēn	ho	logos	k
Lemma		εὐλογέω	ὁ	θεός		ἐν		ἀρχή	εἰμί	ὁ	λόγος	κ
Lemma Trl	in	eulogeō	ho	theos		en		archē	eimi	ho	logos	k
Morph	N	JDSN	VPAP-PNM	DASM	NASM	P		NDSF	VIAI3S	DNSM	NNSM	C
Strong's	1	G2127	G3588	G2316		G1722		G746	G2258	G3588	G3056	C
Louw	16	LN 33.356	LN 92.24	LN 12.1		LN 67.33		LN 67.65	LN 13.69	LN 92.24	LN 33.100	L

Word Biblical Commentary, Volume 36: John (Second Edition) | OpenText.org Clauses

John 1:1 | Display

Jn 1:1

Bo en behalwe die woordstudies en sintaks, gee dit jou ook grammatika ("Tense, Voice Mood"), sowel as analises van hoe dieselfde woord elders anders vertaal is.



Ten Slotte

Elektroniese hulpmiddels soos Logos kan nie jou studie vir jou doen nie, maar spaar geweldig tyd wanneer dit by naslaan kom. Nuwe gebruikers vind dadelik baat daarby, maar dit verg ook heelwat ondervinding om Logos optimaal te benut.

Tans werk ek aan modules van die kursus wat hieronder bekend gestel word en waarin ons poog om studente touwys te maak met Bybelstudie, Skrifverklaring en metodes om preke saam te

stel. 'n Module fokus op sy hoofonderwerp, maar ons poog ook om jou te leer om meer effektief met Logos te werk. As jy werklik voel jy verkies om eerder die gedrukte boeke te gebruik sal dit ook wel so gedoen kan word.

Genoemde kursusse maak deel uit van 'n kurrikulum van 24 modules wat hieronder bespreek word. Sou jy nie kans sien om dit alles by te bring nie, probeer gerus eers net 'n paar modules en kyk hoe dit gaan!

Ons eie Bybelskool!

Dit is gebaseer op die Logos sagteware soos hierbo bespreek, PLUS die CD met al die dispensasionele boeke uit Amerika. Jy koop al jou boeke teen 'n tiende van die prys wat dit sou kos in gedrukte vorm en dan kry jy boonop die vermoë om blitsvinnig deur honderde boeke te soek na die informasie wat jy wil hê.

Die kursus begin loop op 12 Jan. 2011 met die module "Inleiding tot dispensasionalisme" (106) en jy kan terselfder tyd "Inleiding tot Cristelike bedienings" (101) ook doen. Dit is in hierdie module waar jy gaan begin om Logos te leer ken onder mentorskap van Jurie Malan. Ingeval julle wonder, ja, ons het al ons eerste student! Welkom, Louise Kolbe! Sy het Logos en die CD met dispensasionele boeke reeds bestel.

Die kursus word net op internet aangebied. Jy moet dus 'n rekenaar met internettoegang hê. Die volle kursus van 24 modules is vir ouens wat wil leer vir predikant. Jy kan egter vir dieselfde kursus inskryf vir groepleier, Sondagskool, beradader of sommer vir jou eie geestelike verryking en dan net so ongeveer 6 modules doen, of meer soos jy wil. Mense wat die korter kursus doen, koop 'n goedkoper weergawe van Logos (Leaders library).

Daar is drie termyne per jaar en jy is welkom om by enige van die termyne te begin. Jy kan dus op 12 Januarie, 29 April, of 26 Augustus 2011 begin.

Die 24 modules waaruit ons volle kursus bestaan, kan langsaan gesien word. ('n Module vereis 12 of 13 werkstukke in net soveel weke!). Een werkstuk is so ses ure se werk. Die volle kursus vereis dus ongeveer 300 werkstukke. As jy hiermee klaar is het jy reeds 'n arsenaal van gehalte geskrifte oor die Bybel wat jy self opgestel het! Vir volledige inligting oor die kursus, gaan na

http://www.bybelglo.com en kliek op "Opleiding"

Die Volle Wapenrusting

Mondstuk van Forum vir GLO

Hierdie tydskrif staan vir die verdediging en lering van fundamentele Skrifwaarhede soos die Godheid en algenoegsame soendood van Christus, die dispensasionele verskil tussen Israel en die kerk, die opstanding en wegraping van gelowiges en die oproep tot die volle wapenrusting.

Redakteur: Ds. David Malan
david@bybelglo.com.
082 4641337; 034-3250634
Posbus 9194
NEWCASTLE 2956

Intekentariewe:
8 uitgawes R60 (buurlande R70)
16 uitgawes R 110 (R125)

Web: www.bybelglo.com

Bank: (Die Wapenrusting) Absa 1048520703 Newcastle

Bank: (GLO) Eerste Nasionaal 62080804828 Kolonade

Ons blad het 'n bietjie lanklaas verskyn, jammer daaroor. Ons het darem intussen, soos julle kan sien, 'n teologiese en Bybelstudiekursus saamgestel. Dinge het dus nie heeltemal gaan stilstaan nie en ons hoop om nou, met julle ondersteuning, weer volstoom aan te gaan. Help asb. om die kursus verder bekend te stel. Ons glo daar is verskillende huisgemeentes in ons land wat nie met ons kontak het nie en wat ook nie weet waar om hulle mense te laat oplei nie.

Wapenrusting vir verspreiding

Bestel 10 kopieë van hierdie uitgawe @ R37 vir verspreiding. Adres: Posbus 9194, Newcastle 2956

Diploma in Teologie			
101 Inleiding tot Christenbedienings	201 Geestelike opvoeding	301 Pastoraat	401 Berading
102 Inleiding tot die Ou Testament	202 Eskatologie	302 Ou Testament	402 Etiek
103 Inleiding tot die Nuwe Testament	203 Nuwe Testament	303 Sendingmetodiek	403 Fundamentalisme
104 Bybeltale	204 Bybeltale	306 Kerkgeskiedenis	304 Bybeltale
105 Bybelstudie metodiek	205 Hermeneutiek	305 Homiletiek	405 Homiletiek
106 Inleiding tot dispensasionalisme	206 Sistematiese teologie	406 Sistematiese teologie	506 Apologetiek

Apolutrosis is bevryding deur die betaling van ‘n losprys en dit word nege keer in die Bybel gebruik vir die verlossing van sonde. Die mens was verslaaf aan sonde maar dit is die wet en geregtigheid van God wat gekrenk is en aan wie die losprys betaal is